Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns – waar is ons nou?

Prof WAM Carstens
Voorsitter SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
Pretoria, 4 September 2014

In 'n onlangse koerantberig in *Beeld* (van Maandag 18 Aug. 2014, bl. 10) word die SA Akademie deur die joernalis Linette Retief beskryf as 'n waardige heer (of dame) in vergelyking met 'n organisasie soos die ATKV wat 'n "plat-op-die-aarde ou (of vrou)" is. Die volledige aanhaling is soos volg:

> "As die Suid-Afrikaanse vir Wetenskap en Kuns en die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) mense was, *was die Akademie dalk die waardige heer (of dame) van Waterkloof wat graag die vraagstukke van die lewe oor 'n glasie edelrooi bepeins*. Die ATKV, daarenteen, is 'n plat-op-die-aarde ou (of vrou) wat die einste vraagstukke oor 'n bier of twee kafdraf." (L. Retief 2014: 10)

Ek lewer hiermee my laaste rede as voorsitter van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, as voorsitter van 'n "waardige" organisasie. Die Akademie se rol is met hierdie beskrywing mooi opgesom: ons kom van ver af en dink diep oor sake voordat ons voortgaan om in ons eie taal te doen. En heelwat van die sake word bepeins "oor 'n glasie edelrooi" – ons moet darem ons wynindustrie ondersteun...

Ek kan dit kategories stel dat my termyn as voorsitter van die Akademie die hoogtepunt van my eie akademiese loopbaan was. Dit was 'n voorreg om die Akademie in hierdie hoedanigheid te kon dien en ek vertrou dat ek in hierdie proses ook 'n bydrae gelewer het om die Akademie werklik verder vorentoe te neem.

Iemand het my 'n tydjie terug gevra wat ek die meeste gaan mis as my termyn verby is? Ek moes mooi daaroor dink, maar uiteindelik kon ek sê dat ek die Akademie se status en gesag agter my as voorsitter die meeste gaan mis. Dit gaan nie om persoonlike status nie, maar om die Akademie se status wat my gehelp het om deurbrake op heelwat plekke te kon bewerkstellig. As ek as voorsitter van die Akademie gepraat het, is daar kennis geneem van my standpunte.

Ek doen in hierdie rede verslag oor wat die Akademie as instelling in die afgelope jaar aangepak en ook bereik het. Dit is belangrik dat ek reeds aan die begin van die rede meld dat die Akademie en sy mense (kantoorpersoneel, Raad en lede) 'n suksesvolle jaar agter die rug het. Ek kan met vrymoedigheid aan u rapporteer dat die SA Akademie se leisels steeds stewig vasgehou word deur die Raad en die kantoorpersoneel, dat die Raad hard

werk om die doelwitte van die SA Akademie te verwesenlik en dat die Akademie besig is met 'n verskeidenheid opwindende projekte.

Ek kan ook meld dat die Akademie in die loop van die afgelope jaar opnuut besin het oor hoe ons 'n groter voetspoor in die land kan laat. Dit op sigself verg diepe besinning oor ons rol in Suid-Afrika, in die besonder oor ons relevansie in die SA gemeenskap. Ons kan nie net staatmaak op ons historiese rol as akademie nie, maar ons sal iets ekstra moet doen.

Die Akademie word wel beskou as dié liggaam wat hom uniek beywer vir die behoud van *Afrikaans* se hoë funksies, in die besonder die hoë funksies deur die beoefening van die wetenskap in sy wydste beskouing in Afrikaans. Die vraag is egter: dra ons ook iets by tot die welsyn van die Suid-Afrikaanse gemeenskap? Of werk ons net in eie kring? En is ons invloed beperk tot ons eie kring?

Dit word geredelik ervaar dat die Akademie steeds 'n statusliggaam is – dit is telkemale bevestig toe ek en die HUB die afgelope twee jaar besoeke afgelê het by instansies met die oog op befondsing van die VivA-projek. Dit was telkens lekker om weg te stap met die wete dat die Akademie nog gereken word. Soos hierbo gesê, het die Akademie se naam reeds status en gesag geïmpliseer.

Ons het wel ook uitdagings, soos ons finansiële volhoubaarheid, die deurwerk van die transformasieproses op die Akademie, ons nasionale en internasionale profiel as wetenskapsorganisasie. Dit is dinge waarmee die Raad stoei. Dit toon ons erns met die groot verantwoordelikheid wat aan ons as Raad toevertrou is.

My tema vir 2013 se voorsittersrede was: Hoe lyk ons nou? Vanaand fokus ek op "Waar is ons nou?" in terme van ons gestelde doelwitte.

In my Voorsittersrede van 2013 in Stellenbosch het ek gepraat oor wat ons doen om die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns die 21ste eeu in te neem. Ek het reeds in 2012 en ook weer in 2013 gerapporteer dat ons as Akademie besluit het dat ons nie in die 20ste eeu agtergebly het nie, maar dat ons flink op pad is om ons plek in die 21ste eeu in te neem deur <u>hoe</u> ons dinge doen.

Dit geld ons uitkyk op sake: ons kyk vorentoe, veral na hoe ons 'n besondere bydrae tot ons land se welvaart en bestuur kan maak. Dit wat verby is, kan ons nie verander nie, maar ons kan wel so leef en optree dat ons kan help om van die foute en ongeregtighede van die verlede reg te maak. En dat daar foute en ongeregtighede in die verlede gemaak is, kan en durf ons nie ontken nie.

Ons as Akademie word telkens uitgedaag oor wat ons kan doen om volwaardig deel van die nuwe Suid-Afrika – wat vanjaar 20 jaar oud is – te word. Die dilemma is uitgelig dat ons bydraes ook dikwels geïgnoreer word, maar ek kan u die versekering gee dat ons nie gaan ophou om te klop aan die Suid-Afrikaanse deur nie, want ons HET 'n bydrae om te lewer, en ons WIL dit lewer en uiteindelik GAAN ons dit wel doen. Die rede is heel eenvoudig: ons is ook Suid-Afrikaners wat 'n reg het om hier te wees. Die Grondwet gee ons die reg om ons menswees in Afrikaans in hierdie land uit te leef en dit gaan ons met oorgawe en entoesiasme doen. Natuurlik ook omdat ons trotse Suid-Afrikaners is.

Ek kan heelwat sê oor die SA Akademie se geskiedenis: waar ons vandaan kom, hoekom ons gestig is, wanneer ons gestig is, oor ons talle prestasies sedertdien. Dit weet u egter goed en ek wil u nie verveel met stories uit die verre verlede nie.

Wat ek wel kan sê, is dat die Akademie in 1909 gestig is met die doel om die Nederlandse taal te bevorder. Teen 1942 het die klem verskuif na die Afrikaanse taal, en vandag in 2014 beywer ons ons sonder skroom vir die ontwikkeling en bevordering van **Afrikaans** as 'n hoëfunksietaal, in die besonder vir Afrikaans as taal van die wetenskap. Dit is juis hieroor wat ek 'n paar opmerkings wil maak.

U mag dalk wonder wat ek bedoel met die term 'hoëfunksietaal". Laat ek dit gou verduidelik: tale het gewoonlik twee funksies in 'n taalgemeenskap:

- **Lae funksies**: Die taal word gebruik daar waar dit *natuurlik* vir die sprekers is: by die huis, om die etenstafel, gesprekke met gesins- en familielede en met vriende, vir "vloek en grappe vertel", om die sportveld, om te vry, ensovoorts – dus daar waar 'n taal informeel en in intieme en gemaklike omstandighede gebruik word.
- **Hoë funksies**: Die taal word gebruik vir tipiese standaardtaalfunksies: in die onderwys (primêr, sekondêr en tersiêr), hof, kerk, staatsdiens, openbare media (radio, televisie, koerante, tydskrifte), literatuur (populêr en letterkundig van aard), en so meer. Die hoë funksies kan in drie subgroepe ingedeel word:
    - *Ekonomiese* funksies: In hierdie geval kan taal in die *openbare* sektor (staatsdiens, munisipaliteite, hof) en in die *private* sektor (sake-ondernemings) gebruik word.
    - *Kulturele* funksies: Hierdie funksies raak vier aspekte: die *letterkunde* (skryf mense in die taal?), die *massamedia* (koerante, tydskrifte, televisies, radio, en die internet), *godsdiens* (gebruik vir godsdiensbelewing in alle opsigte), en *onderwys* (op alle vlakke). Veral onderwys is hier ter sake omdat dit die aard en vlak van geleerdheid en kulturele uitlewing in 'n taal bepaal.
    - *Praktiese* funksies: Kan die taal gebruik word om jou sake in die gemeenskap mee af te handel, soos: Kan jy daarmee winkel toe gaan? Kan jy met die staat in kontak kom (paspoort aanvra, munisipale rekeninge

betaal)? Kan jy werk kry daarmee, dus 'n inkomste verdien daarmee? Kan jy jou onderwys daarin ontvang?, ensovoorts.

Rakende die hoë funksies en die Akademie se rol daarin is die volgende ter sake.

- Die Akademie is aktief betrokke by die uitbou van die wetenskap in SA, met die verskil dat ons dit in Afrikaans doen. Ons keur nie Engels af nie. Inteendeel, ons besef dat die wêreld van die internasionale wetenskap grootliks in Engels bedryf word. Ons weet egter ook dat dit nie die enigste taal van die wetenskap is nie. Nederlanders, Duitsers, Franse, Chinese, Japannese, Portugese, Spanjaarde, Finne, Swede, Russe, e.a. publiseer ook in hulle eie taal. En dit is waar die Akademie sy rol speel: ons publiseer óók in Afrikaans en in hierdie proses maak ons Afrikaans 'n sterker taal.
- Ons ken pryse toe vir uitnemende prestasie (soos die pryse wat moreaand oorhandig word en die pryse wat op 27 Junie vanjaar op Stellenbosch toegeken is). Ons weet ook dat daar baie hoë waardering is vir ons toekennings – kyk gerus moreaand as die pryse oorhandig word om te sien hoe dankbaar mense is vir erkenning deur hulle eweknieë. Om deur die Akademie bekroon te word (juis omdat die Akademie so op uitnemendheid en gehalte ingestel is), is vir talle vereerdes die hoogtepunt van 'n loopbaan.
- Ons twee tydskrifte publiseer oorwegend in Afrikaans en hierdeur bied ons vir Afrikaanssprekende navorsers die geleentheid om hulle navorsing in Afrikaans bekend te stel.
- Die Akademie se simposiums gee geleentheid vir ervare én jonger navorsers om in Afrikaans verslag te doen oor dit waarmee hulle besig is.
- Ons studentesimposiums gee vir jonger mense die geleentheid om 'n moontlike eerste referaat in hulle moedertaal te lewer.
- Ons is betrokke by 'n aantal projekte wat Afrikaans 'n groot hupstoot gee, soos die VivA-projek, wat vanaand hier bekendgestel word; 'n wiskunde in aksie-projek "om slimmer kinders nog slimmer te maak" (in die woorde van die HUB); die Afrikaanse Spelfees (waarby die Akademie die inisiërende vennoot is). En dis maar net enkeles.
- Rakende die **Afrikaanse Spelfees**: Die Akademie het opgetree as die inisieerder en drywer van wat ons hoop van 2015 af bekend sal staan as die **Afrikaanse Spelfees** (AS). Verskeie organisasies werk hieraan mee: die ATKV, die US Woordfees se WOW-projek, die Akademie. Hiermee begin ons met 'n poging om reeds van laerskoolvlak af kinders se taalvermoë te verbeter deur hulle bewus te maak van die belang van goeie spelling. Die plan is dat hierdie kompetisie jaarliks op TV sal eindig, ooreenstemmend aan die Nederlandse "Groot Dictee". Die belangrike punt hier is dat die SA Akademie die leiding geneem het om hierdie projek aan die

gang te kry en te stuur. Ons is ook dank verskuldig aan die genoemde vennote wat saamwerk om hierdie projek waar te maak.

- Ons het onlangs ons standpunt duidelik verwoord oor hoe ons Afrikaans se rol as taal van tersiêre onderrig sien. Met die oog daarop het ons vanjaar op 17 Januarie 'n beraad gehou oor **Afrikaans, almal se taal!** Dit is op 24 Julie opgevolg met 'n beraad oor **Afrikaans as universiteitstaal – uitdagings**. In reaksie hierop het ek 'n artikel geskryf om die Akademie se standpunt hieroor te stel. Dit is besonder goed ontvang en daar is selfs in die Engelse pers hiervan kennis geneem – waar die beskou is as 'n konstruktiewe bydrae tot die taaldebat in die land. 'n Taakgroep om 'n strategie uit te werk oor hoe om die uitdagings te hanteer, vergader op Saterdag 6 Sept. Hieruit kan mooi dinge ontwikkel. Wat ek reeds nou met sekerheid hieroor kan sê, is dat ons moet weet dat die 'probleem' van Afrikaans en die ander Afrikatale op 'n politieke vlak opgelos sal moet word en daaraan sal ons moet saamwerk.

Hieruit is dit duidelik dat die Akademie nie in die verslagjaar stil gesit het nie.

Enkele ander verwikkelinge is ook ter sake:

- Ons is uiteindelik op die punt dat ons weet wat met Engelenburghuis gaan gebeur. Die Akademie is 'n akademie in die 21ste eeu en ons wil ook graag in hierdie eeu funksioneer. Ons gaan daarom naamlik in die nuwe jaar begin bou om rondom EH 'n moderne struktuur tot stand te laat kom, maar met die behoud van die oorspronklike fasade van EH. Dit sal 'n plek wees waarop Akademielede trots sal wees. Ons wil hiermee Akademielede 'n kompleks gee waarop hulle trots kan wees. Dit moet ook die plek word waar ons as lede tyd saam gaan deurbring. Ons groot dank gaan hier aan veral Atterbury Properties wat besondere steun met hierdie projek gegee het.
- Ons was in die loop van die jaar suksesvol om van ons pryse se geldwaarde te laat toeneem. Die hoogste pryse in die Akademie se twee bene (natuurwetenskappe en geesteswetenskappe) het nou dieselfde geldwaarde. Dankie weer eens ook aan borge in hierdie verband, soos *Rapport*, Sanlam, e.a.
- Ons internasionaliseringsinisiatiewe het in die afgelope jaar verdere vrug gedra toe ook in Oktober 2013 'n ooreenkoms gesluit is met 'n klein akademie in Vlaandere, maar een wat vir diegene wat betrokke is by die taal- en letterkunde, groot voordele inhou. Ek het naamlik op 16 Oktober 2013 in Gent die samewerkingsooreenkoms met **KANTL**, die Koninklijke Academie voor Nederlandse Taal- en Letterkunde geteken.
- Die planne rakende die totstandkoming van 'n Internasionale Vereniging vir Afrikaans (**IVA**) is ook by gister se Raadsvergadering goedgekeur. Hiermee gaan

die Akademie se spoor nog wyer loop omdat ons hierdeur ons invloed letterlik wêreldwyd uitbrei.

- Ons is ver gevorder met ons nuwe akte van oprigting. Veranderinge rakende bepaalde wette het ons genoodsaak om ook opnuut na ons statuut te kyk. Ongelukkig kon ons dit nie betyds afhandel nie – as jy met die staat werk, neem dinge maar tyd! – maar ons het besluit om een tradisie van die Akademie wel in stand te hou en daarom is my termyn verby. Ons het naamlik die gebruik dat al om die termyn 'n natuur- of geesteswetenskaplike voorloop. My opvolger (ek is 'n geesteswetenskaplike) vir die volgende drie jaar – 'n natuurwetenskaplike – is daarom vandag aangewys en ek wens hom en sy ondervoorsitter baie sterkte toe vir hulle termyn.

As ek terugkyk op my voorsitterstermyn, is dit met dankbaarheid omdat ek kon deel hê aan belangrike ontwikkelinge by die Akademie. Ek is egter ook daarvan bewus dat ek sekere dinge begin het, maar nie afgerond het nie. Ek hoop ek kry die kans om nog betrokke te wees by die waarmaak hiervan. Ek verwys veral na die volgende sake:

- **Ons moet baie groter erns maak met transformasie**. Dit behels pertinent dat ons die demografiese profiel van die SA Akademie móét verander, d.w.s. dat die *Akademie* in sy ledesamestelling meer divers moet wees wat betref *ras, geslag* en *ouderdom*. Ons sukses hiermee is nie wat ons sou wou hê nie. Dit is 'n feit dat so baie potensiële lede uit die bruin of swart gemeenskap nie lid van die SA Akademie wil word nie of ook dat jonger Afrikaanssprekende akademici nie lede wil word nie.
- Die Akademie moet dus 'n organisasie wees wat volledig *inklusief* van die sprekerskorps van Afrikaans is, waar die bindende faktore *Afrikaans*, sy *hoëre funksies* en die *wetenskap* in Afrikaans is. Maar waar gehalte en uitnemendheid ononderhandelbaar is.
- Die Akademie se stem moet helderder en duideliker gehoor word. Hoe dink ons oor sake van algemene belang in die land? Dit moet ons sê. Die mense in die land moet weet dat hulle van die Akademie 'n goed verantwoorde standpunt sal kan kry. Gee dus gerus die sake aan die kantoor deur waaroor u dink ons 'n meningstuk moet formuleer.

Ek is aan die einde van my toespraak. Dankie dat u as lede my die voorreg gegun het om drie jaar en drie maande te kon voorloop by die Akademie. Die Akademie bestaan nie uit Engelenburghuis nie, maar uit die **mense** wat woel en werskaf om die Akademie se belange uit te dra. Daar waar u as Akademielid is, daar is die Akademie ook. En ek daag u uit om 'n verskil te maak daar waar u is. Ek hoop dat ek in my dienstyd ook 'n verskil kon maak aan die Akademie se wel en wee.

Dankie dat u hierdie geleentheid vanaand bywoon. Dankie ook by voorbaat vir u teenwoordigheid by die res van ons verrigtinge more en more-aand. Kom geniet nou die res van die aand saam met ons.

Dankie dat u geluister het.

02/09/2013